# BELLA VISTA HOëRSKOOL







Bella Vista Hoër is 'n hoërskool wat geleë is in Bella Vista. Op Vrydag 21 Julie 1995 het die skool hul eerste personeel vergadering gehou. Op Maandag 24 Julie 1995 het Bella Vista hul eerste skooldag gehad.

Toe hul op 24 Julie 1995 aantree by die skool was daar geen banke of tafels, net die gebou. Die Onderwysdepartement het op die eerste dag van die skool, skoolbanke en ander meubels aangery. Om te begin het die skool, stoele by St. Matthews Anglikaanse Kerk geleen vir die onderwysers om op te sit. Die eerste prinsipaal van die skool wyle Mnr. P.I Weitz het gesê, *"As die waarnemende hoof was dit my taak om die onderrig aan die gang te kry en het ek baie gou besef dat dit nie gaan om die aanry en die rondskuif van skoolbanke nie, maar oor 'n veel ernstiger saak. Ek het gou besef dat ons hier besig was om 'n plek gereed te kry waar mense, kinders en leerders voorbereiding / onderrig moet ontvang vir 'n lewe daarbuite. Ek het besef dat die saak veel ernstiger is as wat baie van ons gereken het. Baie gou kon ek daardie besef ook in die res van die span sien".*



*Mnr. P.I Weitz*




*Eerste Onderwysers*

Bella Vista Hoër het begin met net meer as 500 leerders en 19 onderwysers, een administratiewe klerk en drie nie-doserende personeel.



***EERSTE BEHEERLIGGAAM...AGTER: J. Douries, P. Geldenhuys, J. Thomas, T. Afrika, W. Gouws, E. Lintnaar. VOOR: L. va Rooy, D. Wildschutt, J. Meyer (Voorsitter), K. Adams, P. Weitz (Skoolhoof) en R. Lintnaar.***

*Eerste Beheerliggaam*




DIE nie-doserende personeel van Bella Vista Hoërskool. AGTER: Pieter Geldenhuys (die opsigter), Stephanie Vergotine (admin-klerk) en Francois Jacobs (skoonmaker). VOOR: Beula Wildschutt (admin-klerk), Peter Weitz (skoolhoof) en Mary Muller (skoonmaker)

*Eerste nie-doserende personeel van Bella Vista Hoër*




*Eerste matriekklas 1998*

Tien jaar later het hulle 1300 leerders, 37 onderwysers, 2 admin klerke en steeds drie nie-doserende personeel. Meneer Weits was baie gelukkig dat die skool na 1994 geopen het, want hul kon die skool in 'n totale nuwe era van die land se geskiedenis open en dit as positief beskou.




Die skool het elke jaar goed presteer in akademie asook in sport. Die skool het elke jaar leerders wat streek-en provinsiaal behaal in sport. Die skool is huidiglik (2022) 27 jaar oud en is nog steeds besig om te ontwikkel/groei. In die afgelope 27 jaar het die skool slegs 3 prinsipale gehad nl. Mnre. Weits , Leendertz en Jufr. Desiré Pharo.

